DEEL 114 | WEEK 11 | 18 MAART 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# SAKEMANNE SÊ DIT IS NOU GENOEG



Heilbron se breë sakemangemeenskap het hande gevat om die swak toestand van die dorp se algemene dienste en infrastruktuur aan te spreek. Dit was tydens 'n Besigheidsforum vergadering Dinsdag by die buiteklub bespreek. Hans Pretorius van die Mafube Besigheidsforum in Frankfort het die vergadering toegespreek oor Mafube Besigheidsforum se hofsaak teen president Cyril Ramaphosa en 16 ander respondente. Dié organisasies het die Vrystaatse hooggeregshof in Bloemfontein genader in 'n poging om dienslewering in die Mafube Plaaslike Munisipaliteit te verseker en versoek ingryping op nasionale vlak sodat inwoners die dienste ontvang waarop hulle geregtig is. Die datum waarop uitspraak gelewer sal word, is nog onbekend. Pretorius het ook die gemeenskap van Heilbron aangemoedig om 'n gemeenskapsforum te stig wat nou met AfriForum kan saamwerk om aandag aan die groot probleme in die dorp te skenk. Die besluit is ook geneem om 'n besigheidsforum op die been te bring wat uit sakemanne van die breër Heilbron bestaan en 'n loodskomitee is verkies wat bestaan uit die volgende persone: Dr Piet van Zyl, Julyan Bruyns, Jacques van Rooyen, Simon Maseko, Abrie Watson, Jasper van der Bijl en Danie Labuschagne. Die AfriForum-tak in Heilbron is gereorganiseer en Gerrie Muller is tot voorsitter verkies, ander lede van bestuur soos volg: JD Claassen (ondervoorsitter), Liaani Bennink (sekretaresse), Paul Bergh (tesourier) en Eben Stander (veiligheid). Die nuwe span is vol entoesiasme en het die wilskrag om 'n verskil in Heilbron te maak. Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, was dit 'n baie suksesvolle vergadering en rus die onus nou op die gemeenskap om daadwerklik op te tree teen die verval en korrupsie in Heilbron. "Daar is 'n baie sterk span aan die stuur van die plaaslike AfriForum-tak en ons sal met die gemeenskap om hande vat om weer van Heilbron 'n spogdorp te maak. Ek glo dat hierdie vergadering die begin van baie goeie samewerking sal wees," sluit Pretorius af.

EST.2021

OJ'S

ON LONGMARKET

FANCY CORN DOGS R95
2 Golden fried corndogs. Choose between:
- Mexican street-corndog with tangy lime mayo, charred corn salsa and jalapeno
- Sweet and fiery Korean sticky gochujang sauce rolled in toasted sesame and peanut with spring onion and chilli
- Classic New Yorker served with mustard mayo and ketchup with pickles and sauerkraut on the side

NACHOS
Tortilla chips smothered in layers of tomato-corn salsa and melted cheese served with a creamy avo dipping sauce
- Plain R96
- BBQ Pulled Pork R100
- Chipotle Ground Beef R106
- Make it spicy add R9.99

Follow us on @OJSONLONGMARKET CALL US: 058 852 1319




FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING

Donderdae – Royal Auction Centre

VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:

Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



# NGK MOEDERGEMEENTE HOU BASAAR - WAT 'N FEES!

Pannekoek, poedings en pret is maar 'n paar van die lekkertes wat sinoniem is met 'n kerkbasaar en by die NG Moederkerk op Heilbron laat dié gemeente die tradisies voortleef.

Oud en jonk het op Saterdag, 5 Maart, in en om die kerksaal saamgedrom en almal was dit eens: die basaar van 2022 was 'n groot, vet fees!

Oudergewoonte het tafels gekreun onder verskeie vleissnitte, fraai versierde koeke, handige wit olifante en verskeie ander eetgoed en snoeperye. Die reuk van braaivleisvure het van vroeg soos 'n dekmantel oor die terrein gehang en die braaiers moes hul draai ken om by die sosatie aanvraag te kon byhou.

"Die Maleisiese regering het ons al gesoebat vir ons kerrie-en-rys resep, maar só maklik laat ons nie die aap uit die mou nie," het een van die dames vanagter 'n groot pot kerrievleis geskerts.

Een van die jaarlikse hoogtepunte was oudergewoonte die boere ontbyt wat deur gemeente se manne voorberei word en wat is 'n basaar dan sonder pannekoek?

"Ons bak pannekoek soos wat oumas en oumagrootjies geslagte van te vore ons al geleer het en mens karring nie aan 'n plan wat werk nie," het die pannekoektannie verduidelik toe die duisendste pannekoek vir die dag uitgekeer is.

"Covid het ons tradisionele manier van basaar hou verlede jaar gepootjie en ons is dankbaar dat ons vanjaar die saal kon uitvee om dié tradisie te hervat. Die gemeenskap het hul harte en hande vir ons basaar projek wawyd oopgemaak waaroor ons baie dankbaar is. Alle eer aan God vir 'n geseënde projek wat ons agter die blad het," het Annari Combrink, sekretaresse van die gemeente se basaar kommissie vertel.

Volgens haar was die projek 'n reuse sukses en een van die "groter basaars" in 'n lang tyd. "Dit is slegs moontlik met 'n basaar komitee wat hul hele gewig agter die projek gooi, 'n gemeente wat hand en tand agter die bedrywighede inspring en genade van Bo," het sy bygevoeg.



*BRÊKFIS VIR VIER: Francina Volschenk, Henriëtte Janse van Rensburg, André Janse van Rensburg en Chris Volschenk kuier gesellig aan die ontbyttafel.*




*MY OUMA IS IN KANEEL: Die Smitte glo dat die geheim agter 'n basaarpannekoek die liefde is waarmee elkeen gebak word.*



*MIK EN GOOI: Die Schoeman-nefies neem geesdriftig deel aan die kindertafel se "lucky pong"-speletjie.*



*SOETTANDHEMEL: Charné Bornman, Lizel Els en Anizel Hendriks beman die kindertafel vol lekkernye buite in die tent.*

# CUNNINGHAMS VERHUIS NA 38 JAAR

Terrence en Antoinette Cunningham het die 29ste Desember 1983 hulself in Heilbron kom vestig. Terrence was Departementshoof van die Elektrisiteit Afdeling by die destydse Heilbron Stadsraad en tree af Junie 2013. Gedurende daardie tyd was hy verantwoordelik vir die daarstelling van 'n ondergrondse kabelnetwerk.

Weens die feit dat die elektriese oorhoofse stelsel baie onbetroubaar was, baie breke en ook as gevolg van die boomryke gebied van Heilbron, moes die bome geplunder word om te keer dat die boomtakke nie die elektriese geleiers teenmekaar stamp nie.

Terrence se doelwit was om 'n volhoubare verspreidingstelsel te kry. Befondsing was grotendeels gedoen deur die inisiatief van die Stadsraad, veral die verteenwoordiger by die Noord-Vrystaat Distriksraad.

Sandersville het gedurende die tydperk net 28 straatligte gehad. Met die einste befondsing is die netwerk verspreiding sodanig uitgebrei dat ongeveer 900 elektriese aansluitings vir verbruikers daargestel is, gepaardgaande met straatbeligting.

Terrence vertel voorts …"Ons het ook Phiritona oorgeneem en 'n massiewe veldtog daar geloods vir veiligheid en sekuriteit van die gemeenskap." Hy was ook in die tydperk verantwoordelik vir die implementering van die NOSA stelsel waar daar aan Heilbron Stadsraad 5-Ster-gradering 3 keer toegeken is.

Antoinette het by Huis Bron-van-Heil begin werk, Oktober 1984, as verpleegsuster en na 18 maande het sy die pos as Senior Verpleegkundige by Heilbron Hospitaal gekry. Na 'n kort tydperk is sy bevorder na 'n professionele verpleegkundige waar sy gemagtig is om sekere tipe wonde te behandel.



In die tydperk het sy ook in die kraam-afdeling gewerk en welbekendes van Heilbron se kinders in die wereld gebring. Antoinette se beroep was haar passie en sy het gereeld poetse gebak met van haar kollegas en sommige pasiente.

Na 38 jaar verlaat Terrence en Antoinette Heilbron om nader aan familie en vriende, veral aan die 2-ling kleinkinders in Pretoria te wees. Die beplande datum vir vertrek is 1 April en hulle gaan hulself vestig in Lynnwood Aftree-oord. Hulle sien geweldig uit na die nuwe fase van hul lewe.



*BAK EN (GEEN) BROU: Die dames van Blok 5 het seker gemaak dat elke Heilbronner Sondag koek saam met hul elfuurtee kon geniet. Op die foto van links is Luana Strydom, Rina Roeland, Surene Strydom, Marisa van Rooyen, Marna Weilbach en Ansa van Rooyen.*

# MOENIE VERGEET NIE

Daar word 'n Beroep op Heilbronners gedoen rakende die frustrasie met dwelverslaafdes wat die sakegebied herhaaldelik skade doen. Mense word gevra om alle kontak met bedelaars, straatverkopers en gomkop-dronkies te vermy en niks by niemand in die parkeerterrein te koop nie en geen geld of "tips" uit te gee nie, selfs al het die persoon besigheidsdrag aan. Inwoners moet saamwerk deur hierdie mense nie die aandag wat hulle wil hê te gee nie en sal hulle dalk iewers anders gaan nesskrop.


## *Vervaardiging:* VLEKVRY & SAGTE STAAL

- VERVOERBANDE
- AWEGAARS
- STATIESE TENKS (304, 316 EN SAGTE STAAL)
- WAENS
- GIFMENG TENKS




## *Herstelwerk*

- AGRI IMPLEMENTE
- STROPER SLUIT PARTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- TRAILER ONGELUK HERSTELWERK




triangle BRAKE & CLUTCH

## *Trailers:* ONDERDELE & SEILE

- TREKKER & TROK KOPPELAARS

WEWELER | HENRED FRUEHAUF




## *Bearings*

- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SMEERMIDDELS

BEARINGS INTERNATIONAL | BMG



## *Hidrolies*

- VOLLEDIGE SISTEME
- POMPE
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- CYLINDERS



STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION

Geregistreer by SABS

**Jaco Swart:**
**082 392 9819 | jaco@ejsm.co.za**
**Martin Swart:**
**082 389 7961 | martin@ejsm.co.za**
**Eddie Swart:**
**082 449 9113 | eddie@ejsm.co.za**

**www.ejsm.co.za**

# AFRIFORUM SÊ DANKIE VIR ONS KULTUUR-TANNIE



Quarta Pretorius, 'n jarelange inwoner van Heilbron en bekende in die kultuur- en erfeniskringe het 'n sertifikaat van verdienstelikheid ontvang van AfriForum vir haar lewenslange bydrae tot die bevordering van kultuur en erfenis, veral in Heilbron.

Sy is steeds aktief betrokke by die Vegkop-museum en die historiese begraafplaas. Die sertifikaat is Dinsdag deur Alta Pretorius (regs), Distrikskoördineerder van die burgerlike regte organisasie aan haar oorhandig tydens 'n gemeenskapsvergadering by Heilbron Buiteklub.


# BREEK DIE BLOEDSKENK REKORD EN SKENK BLOED IN HEILBRON

SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk:

**Dinsdag, 22 Maart 2022**
**NG Suid Kerksaal**
**13:00 tot 19:00**
**Rekord Doelwit: 80 eenhede bloed**

SANBS doen 'n beroep op alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk, asook op nuwe skenkers wat aan die minimum vereistes voldoen om 'n bloedskenker te word.

Jou bloed red lewens.







GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support
Technology without the headache!

# *Uit die pen:*



## WEEK 11 VAN 2022

En toe moes ons die matrieks groet. Met 'n propperse matriekafskeid. Jaar na jaar moes die graad 11-klas fondse daarvoor insamel. Dan word alles noukeurig aangewend om die skoolsaal om te tower in iets wat min of meer soos 'n formele dinee lyk.

Daar was telkens 'n geveg oor wie presies matriekafskeid toe moes en kon gaan: al die personeel moes daar wees en hulself gedra. Elke matrikulant moes natuurlik ook gaan, tesame met hulle ouers. Maar Meneer die Skoolhoof, kan die matrieks nie tog asseblief 'n metgesel saambring nie? Nee, volstrek nie, metgeselle het nie die matrikulante tot hier gebring nie. Ja, sou ek in my agterkop dink, sommige ouers ook nie. Die kinders was in matriek ten spyte van hul ouers, maar dit was net my opinie.

Maar die personeel se bywoning het nie die hele tyd die status quo gehandhaaf nie. Toe die skool bietjie uitbrei, was dit net die senior onderwysers en almal wat in die hoogste drie grade skoolgehou het. Toe die klas nog groter word, was dit net die klasonderwysers. En selfs dan was dit 'n stryd, want alhoewel die kos en dekor verskillend was, was die toesprake dieselfde.

Die volgende stryery was die personeellid wat die matriekafskeid moes aanbied. Toe ek by die skool aangekom het, was dit in alfabetiese volgorde. Ek was gelukkig nie voor in die alfabet nie, en het rustig teruggesit. Net toe ek baie gemaklik raak, besluit Die Skoolhoof dat ons vir die volgende jaar by die einde van die alfabet begin. En later word die toekenning van die personeellid vir die matriekafskeid net randomly gedoen. Daar was geen patroon meer daar in nie, en ons het net ons koppe geskud. As jou beurt verby was, was dit verby. Of so het ons gedink. As daar iemand was wat die matriekafskeid saam met jou wou reël mag hulle, maar onthou, sê Die Skoolhoof, die helper se naam bly steeds op die lys en hy of sy moes nog hulle volwaardige beurt kry.

'n Kollega van my het geld ingesamel vir die matriekafskeid deur allerhande dinge te doen: koekverkopings, Valentynsdaggoeters verkoop, kaartjies gemaak en wat nog als. Toe sy 'n gawe bedrag bymekaar het, bied 'n onderwyser aan hom haar te help. Die betrokke onderwyser sou binnekort oorsee gaan. Klaar bedank en omtrent tasse gepak.

Toe kollega weer haar oë uitvee, was hy vort met haar geld. Sy begin met hernieude ywer om gou geld in te samel. Uiteindelik was daar weer 'n handvol geld. Kollega en van die seuns het die plafon van die skoolsaal met swart sakke bedek om, saam met die dekor, atmosfeer te skep. Ek dink daar sou liggies aan die onderkant die sakke-plafon kom. Maar toe besluit die hoofseun die aand met die matriekafskeid, gedurende die dansery, dat hierdie sakke sterk genoeg sou wees om daaraan te swaai.

Die sakke was nie sterk genoeg nie en hy het plat op sy agterent geland.

Toe ek onlangs hierdie kollega gevra het wat presies sy nog kan onthou, was daar nie veel nie. Sy het wel gebieg dat sy, met elke matriekafskeid waar sy teenwoordig was, die tafelwyn van die personeel en ouers gesteel het. Mens moet darem iets doen om 'n paar toesprake te oorleef, dink ek.

Soos met meeste ander matriekafskeide is daar volgens 'n tema gewerk. Wat veronderstel was om 'n geheim te bly tot die aand van die funksie. Dit was byna nooit 'n geheim nie.

Later het Die Skoolhoof besluit dat die matrikulante 'n sekere bedrag moes betaal om die funksie by te woon. Die Matriekafskeid is ook sommer in die begroting bygewerk en verby was die dae wat onderwysers moes geld insamel.

Ons kon 'n stilis kontrakteer om die saal te kom mooi maak. Ons kon selfs die messegoed, borde, blomme, blompotte en dies meer kies, en die stilis het die saal kom tooi na ons voorskrifte. Binne die begroting, natuurlik. Die koshuistannie het steeds gehelp om die kos te maak.

Die koshuistannie het haar helpers gehad wat die kos opgedis het: elke keer dieselfde nuuskierige agies wat eintlik net wou kom kyk hoe die matriekmeisies lyk. Die koshuistannie het seker gemaak dat elkeen net 'n sekere (baie klein) porsie kos kry. Meeste van die tyd is die oorskot kos weggedra na hulle huise toe.

'n Ander kollega, hoogswanger teen die tyd toe die matriekafskeid plaasvind, het alles haarfyn beplan. Die tema was "Mexico", kompleet met sombreros en kinders met poncho's. Kollega se ma kom help met die voorbereidings, want sy wil heimlik 'n ogie oor haar swanger dogter hou.

Die Skoolhoof sien kollega se ma, en is sommer op die daad omgekrap omdat die kollega haar ma matriekafskeid toe genooi het. Wie het vir haar toestemming gegee? Hoe durf sy?

Hulle het verskillende groottes chillies op die tafels gehad as versierings. Soos die aand gevorder het, het van die manspersoneel mekaar toe begin uitdaag om chillies te eet. Sommige mense moes 'n paar keer op pad huis toe stop, want drank en chillies saam was nie wat jy sou noem 'n "wenkombinasie" nie.

Ek het een jaar, toe ek later nie meer die matriekafskeid kon systap nie, 'n Romeinse tema gehad. As tafelversierings het ek appels en pere in groot goue blombakke gesit en hier en daar 'n vrug met goue spuitverf bygekom. Teen die aand was die meeste van die vrugte ook opgeëet, ongeag of dit geverf was of nie.

Ek kan onthou dat ek twee keer moes help met 'n item tydens die funksie. Ek dink die laaste keer was toe daar "Egipte" voorgestel is, en ons 'n groepie (klein en maer) graad 11's 'n dansie laat doen het. Met die interlude van die lied het hulle 'n piramiede van vier mense hoog in die middel van die saal gebou.

Ai, die voortvarendheid van die jeug, dink ek nou. En ek verwys hier na myself, want die kinders was tog net te bly om iets te doen wat regtig waaghalsig was.




# BRONNIES GHOLFDAG - PRETTIGE SUKSES!

Op Saterdag, 5 Maart het Hoërskool Heilbron se 3de gholfdag, in samewerking met Heilbron Gholfklub plaasgevind. Dit was 'n uitblinkgeleentheid en het vir baie pret gesorg! Die dag was gekenmerk deur die betrokkenheid van ongelooflike borge wat passievol bygedra het tot hierdie fondsinsamelingsgeleentheid. Goeie pryse en veilingsitems het die aand opgehelder.

'n Spesiale dank aan Mnr Gerrie Muller, klubpresident en gholfkomitee-lede wie die skool goedgesind en behulpsaam was met alle klubgeriewe. Die baan word deurgaans deeglik onderhou, was in 'n puik toestand en het 'n heerlike gholfdag vir al die gholfspelers gewink.

Mnr David Knight, waarnemende skoolhoof en die personeel het hul goed van hul taak gekwyt met 'n mooi skoolstalletjie, wat een van die putjie-uitstallings gedurende die dag was. Ouerkomiteelede en hul vriendinne was in die regte stemming en het dit saam met almal terdeë geniet.

Die spelers het na afloop van die gholfdag getuig dat al die etes heerlik was, veral die pap en wors op die baan!

Hoërskool Heilbron se gholfdag was geseënd en suksesvol en bedank hul al die betrokkenes.

Wenners van die dag was Wessel & Telanie, 1ste met 57 punte, Peet & Lache 2de met 53 punte en Edie & Jack 3de met 52 punte.




# HULLE GAAN VOORVAT BY AFRIFORUM


*AfriForum het Dinsdag 'n nuwe bestuur gekies wat die pot nou op Heilbron gaan laat kook. Persone op foto vl: Paul Bergh, JD Claassen, Gerrie Muller, Alta Pretorius, Jaco Grobbelaar (voor – AfriForum se hoof van gemeenskapstrukture vir die Sentraalstreek), Hans Pretorius (spreker) en Eben Stander. Die komitee het reeds aan die werk gespring met die indien van voorstelle vir die huidige GOP plan- (Geïntegreerde Ontwikkelings Plan) van Ngwathe - Herseël en herbou hoofpaaie in die dorp soos Piercestraat en by die ingang vanaf Edenville en om drukkleppe en luguitlaatkleppe op strategies plekke in die waternetwerk te installeer asook stopkrane sodat dit nie nodig is om die hele dorp se water af te sny as daar instandhouding of herstelwerk gedoen moet word nie. Herstel van straatligte. Oop ruimtes wat oorgroei is, moet gereeld skoongemaak en grasgesny word. Dreineringspype moet by begraafplaas geïnstalleer word. Vullisterrein word onwettig bedryf want dit voldoen nie aan die wettige standaarde nie.*

WESDAN BOERDERYE (EDMS) BPK
BETREKKING
Plaas Werkswinkelbestuurder / Boilermaker
Heilbron Area
Pos onmiddellik beskikbaar vir 'n dinamiese, hardwerkende en betroubare persoon met ten minste 5 jaar ervaring. Verkieslik gekwalifiseerd, maar nie 'n vereiste nie.
Die persoon moet aan die volgende vereistes voldoen:
• Administrasie en Bestuur van werkswinkel handhaaf
• Moet presies kan werk volgens reëls van die onderneming
• Verantwoordelik
• Pligsgetrou
• Netjies & organiseringsvaardighede
• Goeie menseverhoudings
• Sobere gewoontes
• Bystaandiens is 'n verwagting
• Bestuurderslisensie
• Breedvoerige kennis van Staal- en sweiswerk
Salaris word bereken volgens ondervinding. Addisionele voordele sal in onderhoud bespreek word. Stuur volledige CV met kwalifikasies en laaste 3 verwysings na hbh@carfone.net

# DIE RUS INGEGAAN



*JACO DU PREEZ*
*In liefdevolle herinnering aan Jaco du Preez, oorlede op 9 Maart 2022 Die diens het plaasgevind op Donderdag, 17 Maart 2022 om 11:30 vanuit die NG Moedergemeente Heilbron. Baie sterkte aan sy kinders, ouers, familie en vriende.*



*RIAAN DREYER*
*In liefdevolle herinnering aan Riaan Dreyer, oorlede op 12 Maart 2022. Die diens vind vandag om 11:00 plaas vanuit die NG Moedergemeente Heilbron. Baie sterkte aan sy kinders, familie en vriende.*



*DORIE GREYLING*
*In liefdevolle herinnering aan Dorie Greyling. Troosdiens vind plaas te NG Moedergemeente op 19 Maart 2022 om 11:00 vm. Ds Braam van Zyl sal die diens waarneem. Baie sterkte aan Heleen, Doret en familie.*

# ATLETE OPPAD NA SA-KAMPIOENSKAPPE

Dit is amptelik, Hoërskool Heilbron het niks minder as 4 laerskool atlete wat deurdring na die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Hierdie atlete sal 24-26 Maart in Potchefstroom gaan deelneem. Al die Bronnies is ongelooflik trots op julle.

Aldi Strydom - Dogters O/13, 1ste met Gewigstoot 11.23m en 3de met Diskus 33.42m.

Shamone Ribeiro - Dogters O/11, 80m in 11.68sek.

Jurie Jonker - Seuns O/10, Gewigstoot 8.89m.

Gerrit du Plooy - Seuns O/12, Gewigstoot 10.30m.



*Op die foto vl: Aldi Strydom, Shamone Ribeiro, Jurie Jonker en Gerrit du Plooy.*

# HEILBRON WEN OLD VAAL OORTUIGEND MET 7 PAALTJIES



*Rudi Bruwer, Armand Smit, Theuns Botha, Morne de Witt, Renier Schoeman, Anthony Best, Ali Rao, Rudi Bruwer Jnr. (Afwesig: Pieter Baan (Kaptein), Jeandre Earle en Anwar)*

Old Vaal stel 'n teiken van 140 lopies in 20 boulbeurte op.

Danksy uitstekende kolfwerk deur Rudi Bruwer met 3 lopies kort van sy honderdtal van net 61 balle het Heilbron die lopies aangeteken in die 18de beurt vir die oorwinning.

Man van die wedstryd was Rudi Bruwer met 97 lopies nie uit, een vangskoot en een paaltjie met sy boulwerk.

Armand Smit met 28 lopies het hom goed bygestaan en het hul saam 105 lopies aangeteken om die eerste paaltjie.

Daar is nog 2 ligawedstryde wat gespeel gaan word in Sasolburg die 26ste Maart by DP de Villiers Stadion teen Sharpville en Sasol 2.

Enige toeskouers welkom.

# ROLBAL JUIG! "THE PERFECT DELIVERY BOWLS SA OPEN"



*Van die 7de tot 12 Maart 2022 het die jaarlikse Inter Provinsiale Toernooi. "The Perfect Delivery Bowls SA Open" plaasgevind. Die A-Spanne se toernooi was in Pretoria. Rudi en Tracy Jacobs het Noord-Wes A verteenwoordig. Hannalie Claassen het Noord Vrystaat B in Pieter Maritzburg verteenwoordig. Eerskomende naweek vind die veterane enkels plaas te Vredefort. Ses Spelers van Heilbron gaan deelneem: Koos en Magda Bierman, JC en Dollie Pretorius en Lieb en Carine Kriek.*

POSTNET HEILBRON

BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

# World Salt Awareness

• **Heilbron Clinic**

Your body only needs a small amount of salt to be healthy. Eating more salt than you need can lead to a number of health conditions. A high salt diet is a key contributor to high blood pressure (hypertension) and high blood pressure is one of the leading causes for heart disease and stroke. A high salt diet can also lead to kidney disease and kidney stones, stomach cancer, osteoporosis, and worsen the symptoms of asthma.

Do We Eat Too Much Salt?

Our bodies only need a small amount of salt to function properly - about 1.25 g (a quarter teaspoon) of salt per day. But too much salt can be bad for your health. Many South Africans eat too much salt. In fact we eat twice the amount we should – about 6-11 g per day. More than half of the salt we eat is from salt added by manufacturers during the processing of foods. The other half of the salt we eat comes from salt we add during cooking and salt sprinkled on at the table. It can be very easy to eat too much salt when eating normal everyday foods. Just have a look at some typical meals for a day to see how much salt you could be eating.

How much salt is too much?


You should eat no more than 5 g of salt per day. 5 g is the same as one teaspoon of salt. This 5 g includes the salt that you add to your food as well as salt already found in foods.

Where do I get salt from?


Many foods that you buy already have salt in them and this is called hidden salt. Often these foods don't look or taste salty. Most of the salt we eat is hidden salt in processed foods.

How to Add Less Salt to Foods:

Most of the food we eat already contains salt, and yet most of us still add salt to our food during cooking and at the table, often before even tasting our food. Reducing the amount of salt you use at home, when cooking and at the table, is the simplest way to cut back on salt. If you add salt at the table, stop this habit first. Don't put the salt shaker on the dinner table, as many people are in the habit of adding salt to their food without even tasting it first.




# WATER SPILLAGE INVESTIGATED



Mr Francis Moeketsi, Regional Manager at Ngwathe Municipality Heilbron confirmed that the recent water leakage in Heilbron was in fact a spillage and not a leakage. Their Water Network Team was alerted to a huge leakage next to bridge along R37 Road (Heilbron-Frankfort Road).

He said upon investigation they discovered that a stop plug was opened, and was the cause of the water spillage.

According to Mr. Moeketsi, they also suspect that it was opened intentionally by a person/s with or without malicious intent and they urge the community to be vigilant of people loitering along.

# OJ'S ON LONGMARKET NOU OOP!

Sedert die geliefde OJ's Restaurant sy deure verlede jaar permanent gesluit het, het die eienaars van OK Foods beloof om iets nuut en opwindend na vore te bring. Inwoners kon die laaste paar weke sien hoe die gebou sy splinternuwe baadjie aantrek en is die restaurant bekend gestel as OJ's on Longmarket. Nuwe baadjie, nuwe skyskaart. Geregte kan gekies word met Amerikaans, Koreaans of 'n bietjie Meksikaanse agtergrond terwyl die OJ's span hulle eie unieke smaak daarmee vorm. OJ's on Longmarket Restaurant het vandag amptelik hulle deure vir die publiek ge-open en kan tafelbesprekings gemaak word by 058 852 1319. Bestel gerus van die voorgeregte en deel dit met die tafel terwyl jy een van die 'on tap' drankies probeer. Interressant, nuut en gesellig!
Hou die spasie dop vir nog smulgeregte op die spyskaart en loer gerus na die advertensie op bladsy een.






Excellent Business opportunity up for Sale
SPAR
tops!
SPAR Heilbron and two TOPS liquor stores are up for Sale!
Owner retiring from active business.
Business value is inline, and in accordance with SPAR Head Office recommendation.
If interested, call owner direct on 082 461 5156 to set up a meeting for negotiations.
Only serious buyers need to call for an appointment.

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
Lida Pretorius
Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za

the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
GRIEPSPUITE NOU BESKIKBAAR BY PLATTELAND APTEEK
063 721 4950 087 527 0723
platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 22 MAART 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

**WOENSDAG - 23 MAART 2022**

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DONDERDAG - 24 MAART 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

PARYS Twee-weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**VRYDAG - 25 MAART 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za